PAARL VALLEI
BOTTLING COMPANY

PO Box 254, Wellington, 7654
Tel: (021)864-2860
Fax: (021) 864-2862
lotzk@pvbm.co.za
www.paarlvalley.co.za
Reg No. 96/01492/07

Die volgende vakature bestaan by die maatskappy se aanleg wat net buite Wellington geleë is.

# BOTTELERINGSLYN VOORMAN / TEGNIKUS

Die persoon is verantwoordelik vir die effektiewe funksionering van 'n botteleringslyn/e.

Die sleutelverantwoordelikhede van die pos sentreer rondom:-
- Hantering, leiding en bestuur van personeel
- Opstel van produksielyn
- Monitor en optimalisering van produksieprosesse
- Kwaliteitsbeheer
- Higïene en veiligheid
- Algemene administrasie

Om vir die pos in aanmerking te kom, moet die aansoeker aan die volgende voldoen:-
- Graad 12, verkieslik met tegniese vakke (erkende toepaslike ambag sal aansoek versterk)
- Ten minste 3 jaar ervaring in 'n toesighoudende hoedanigheid oor 'n span mense in 'n produksie-omgewing
- Bereid wees om skofte te werk
- Onder druk kan werk
- Bogemiddelde rekenaarvaardighede
- Baie goed verbaal en skriftelik kan kommunikeer
- Eie betroubare vervoer hê

Die volgende sal die aansoek verder ondersteun:
- Enige ander relevante naskoolse kwalifikasie
- Kennis van wynbotteleringstoerusting
- Kennis en ondervinding van 'n kelder, wyn- en ander verwante produkte omgewing.
- Kennis van BRC, HACCP en ander kwaliteitstelsels

Indien u aan bogenoemde voldoen, sal ons baie graag van u wil hoor. Stuur u aansoek na Cheryl van Schalkwyk by **schalkwykc@pvbm.co.za** of lewer dit af by ons aanleg te Oude Pontweg, R44 Wellington sodat dit ons bereik voor of op 20 Junie 2025.

Indien u nie binne vier weke na die sluitingsdatum van ons verneem het nie kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

BOLAND media BIZ

NM10014871-PL050625